# HULDIGINGSWOORD: PROFESSOR S. A. STRAUSS

Hoe reduseer ’n mens 23 jaar se vol lewe verbonde aan die Fakulteit Teologie, Universiteit van die Vrystaat, tot ’n paar paragrawe? Dit is nie regtig moontlik nie, maar daar is tog drie kenmerke van Prof. Sybrand Strauss se loopbaan wat ek graag wil uitlig.

Prof. Strauss was departementshoof van ’n sleuteldepartement in die Fakulteit. En hier het hy hom bewys as ’n voortreflike akademikus en dosent. Naas wat mens origens oor hom kan sê, moet jy allereers konstateer dat hy die taak waarvoor hy primêr aangestel is — akademiese navorsing en dosering — met onderskeiding uitgevoer het. Met sy talle publikasies oor die jare het hy nie net ’n substansiële bydrae tot die vakgebied van die Dogmatologie gelewer nie, maar het sy oorwoë standpuntstelling en beredenering ook die agting van vakgenote en kerklui geniet. Geen wonder nie dat hy ’n gesogte spreker by konferensies en kongresse was, en dat sy teologiese insette dikwels gevra is by kerklike kommissies en vergaderings. Ook in die klas was hy ’n gewilde dosent. Hy het die gawe om ’n moeilike saak op ’n helder en bevatlike manier oor te dra. Dat hy ’n groot impak op studente gehad het, blyk onder andere uit die nie minder nie as elf doktorale studente wat onder sy leiding afstudeer het. Sommige van hulle was ook uit ander wêrelddele en kerke.

Sybrand was ook ’n voortreflike kollega — lojaal, getrou, tegemoetkomend, altyd bereid om die tweede myl te loop. Verder sal sy bydraes in vergaderings en komitees, wat altyd getuig het van beleë wysheid, terdeë gemis word. ’n Mens kon nie anders nie as om te luister wanneer hy ’n saak stel. Persoonlik wil ek ook my dank uitspreek vir die kere wat hy as sekundusdekaan vir my moes instaan, soms op kort kennisgewing. En les bes sal ons die lekker gesprekke en stories wat so sonder moeite uit sy ryke ervaring en kontak met mense kon voortvloei, baie mis.

Derdens is Sybrand ’n werklik vroom mens. Nie op ’n wêreldvreemde manier nie — allermins — maar vanuit ’n kern van geloofsverankering in Jesus Christus. Hy is ’n man van integriteit, “wat jy sien is wat jy kry”. As ek aan Sybrand dink, kom Bybeltekste soos: “’n Israeliet sonder bedrog”; “laat jou ‘ja’ ‘ja’ en jou ‘nee’ ‘nee’ wees” onwillekeurig by my

op. 'n Mens weet altyd presies waar jy met Sybrand staan, maar sonder dat dit affronteer of afstoot. 'n Mens het altyd die gevoel dat hy eerlik luister en ruimte maak vir ander se standpunte.

Sy integriteit as mens en teoloog het veral op twee terreine gemanifesteer. Toe daar groot persoonlike trauma en lyding oor sy lewenspad gekom het, het hy ons voorgegaan in kinderlike geloofsvertroue in Christus. En as teoloog het hy getrou gebly aan wat hy as die basiese gereformeerde oortuigings beskou het. Maar nie op 'n verbete, fundamentalistiese manier nie. Hy sal die eerste een wees om te erken dat daar by hom ook teologiese groei en verdieping plaasgevind het, en dat hy, wat mindere sake betref, selfs verskuiwings in sy insigte en standpunte ondergaan het.

En nou het dit tyd geword om te groet — glad te gou na my sin. Ek sou graag wou hê dat Sybrand ons nog so 'n paar jaar kon laat deel in sy kennis, wysheid en ervaring. Maar ons eerbiedig sy wens om na 'n ander rat oor te skakel. Hopelik sal dit voortaan 'n bietjie rustiger met hom gaan. Maar ons weet dat hy as teoloog en gewone gelowige nie minder betrokke by die lewe sal wees nie. Ons gun hom en sy vrou, Walda, die nuwe lewensfase wat hulle nou betree. Ons bid hulle goeie gesondheid toe, en mag hulle vir baie jare saam gespaar bly en steeds die seën van die Here bly geniet.

Prof. Hermie van Zyl
Dekaan: Fakulteit Teologie
Universiteit van die Vrystaat